
(1) By die ingang van 'n hek moet twee pilare, soos langsaan geteken, geplant word en dan geverf word. Die hoogte (H) van die pilare bokant die grond is 1,8 meter elk. Die deursnee van elke pilaar is 25 cm elk. Elke pilaar moet twee lae verf kry. Elke een liter verf kan 3,2 $m^2$ van die oppervlak bedek met een laag verf. Die koepels aan die bokant van die pilare is elk in die vorm van 'n semi-sfeer. Bereken die totale aantal liter verf benodig om die pilare met die twee lae verf te verf. Rond die totale buite-oppervlakarea af tot 1 desimaal.



(2) ′n Stuk yster in die vorm van ′n kubus met sylengte 15 cm word gesmelt en dan gegiet in sferiese balletjies. Daar moet presies 1 125 balletjies gegiet word uit die stuk yster. Bereken die deursnee in mm (korrek tot twee desimale), van een sodanige sferiese balletjie.